

Vrydag 30 Maart (Goeie Vrydag)

Skrifgedeelte: Judas :1-19

Fokusgedeelte: Judas :1, 17

Stry teen dwaalleer deur vas te hou aan die waarheid en op God te vertrou

Ons lewe in 'n tyd waar baie mense sal sê dat ons teenoor alles verdraagsaam moet wees. Ook in die kerk is verdraagsaamheid vir baie mense belangriker as waarheid. Die gevolg is dat dwaalleer maklik gesien word as iets wat nie te erg is nie.

Tog is die Nuwe Testament vol van waarskuwings teen dwaalleer. Die brief van Judas waarsku gelowiges teen die verwoestende gevolge van dwaalleer. Dwaalleraars het die gemeente binnegedring en het net vir hulleself gelewe. Dit het tot verdeeldheid gelei.

Hoe stry gelowiges teen dwaalleer? Deur vas te hou aan die waarheid van God se Woord en te onthou wat God doen. Hy het sy kinders geroep om aan Hom te behoort. Hy het ons lief en bewaar ons. Hy is die Een wat Jesus Christus gestuur het om in ons plek te kom sterf. Aan die kruis het Hy ons losgekoop van die sonde en die dood, sodat ons as kinders van God Hom in gees en waarheid kan aanbid. Sodat ons die troos het dat ons ewig aan God behoort en dat Hy ons veilig bewaar.

God oordeel regverdig. Daarom is hierdie gedeelte vol van voorbeelde uit die Ou Testament wat dit duidelik maak dat God regverdig oordeel en dat die uiteinde van die godde-loses die ewige dood is.

Mag ons dwaalleer verdra? Nee! Ons moet daarteen stry deur vol van die Gees en Woord te onthou wie ons in Jesus Christus is: mense wat deur God geroep en afgesonder is. Mense vir wie Hy lief is. Só lief dat Hy ons deur Jesus Christus bewaar. Ons is duur ge-koop deur sy bloed. Jesus Christus het nie gesterf ter wille van verdraagsaamheid nie. Hy het gesterf sodat ons ewig aan God behoort. Onthou dit en stry vir die waarheid en teen dwaalleer!

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)